

Beste Graad 12-leerder

Veels geluk dat jy uiteindelik Graad 12 Ekonomie, die “wetenskap van besluitneming”, bereik het! Jy het inderdaad sover vele goeie besluite geneem om hierdie stadium van jou hoërskool Ekonomie-loopbaan te kon bereik.

## Inhoudskontrolelys

Hieronder is ’n kontrolelys wat jy kan gebruik om te verseker dat jy die Graad 12-inhoud volledig gedek het.

## KWARTAAL 1

### MAKRO-EKONOMIE (Vraestel 1)

#### Ekonomiese kringloop

- ➔ Aanbied van die ekonomiese kringloopmodel; Markte; Nasionale rekeninge groottotale en -omskakelings; Vermenigvuldiger-effek

#### Sakesiklusse

- ➔ Samestelling en kenmerke; Verduidelikings van regeringsbeleid; Nuwe ekonomiese paradigma; Kenmerke onderliggend aan vooruitskatting

#### Rol van die Openbare Sektor

- ➔ Samestelling, noodsaaklikheid, probleme, doelwitte
- ➔ Fiskale beleid insluitend Laffer-kurwe
- ➔ Redes vir openbare sektor mislukking

#### Buitelandse valutamark

- ➔ Vernaamste redes vir internasionale handel
- ➔ Betalingsbalansrekening
- ➔ Buitelandse valutamarkte
- ➔ Totstandkoming van buitelandse wisselkoerse
- ➔ Regstelling van betalingsbalans, surplus en tekort

## KWARTAAL 2

### Ekonomiese Stelsels: Beskerming en Vryhandel

- ➔ Uitvoerbevordering; Invoervervanging; Beskerming (argumente); Vryhandel (argumente); Gewenste mengsel; Evaluering

### MIKRO-EKONOMIE (Vraestel 2)

#### Dinamika van markte: Volmaakte markte

- ➔ Volmaakte mededinging; Individuele besigheid en nywerheid
- ➔ Markstruktuur (vergelykende tabel); Produksie-uitset; Winste; Verliese en aanbod; Mededingingsbeleid

#### Markdinamika: Onvolmaakte markte

- ➔ Dinamika van onvolmaakte markte aan die hand van koste- en inkomstekurwes; Monopolieë; Oligopolieë; Monopolistiese mededinging

#### Markdinamika: Markmislukkings

- ➔ Oorsake van markmislukkings
- ➔ Gevolge van markmislukkings
- ➔ Kostevoordeel-analise



Vertaal uit [www.economicshelp.org](http://www.economicshelp.org)

## KWARTAAL 3

### EKONOMIESE STREWES (Vraestel 1)

#### Ekonomiese groei en ontwikkeling

- ➔ Vraagkant-benadering; Aanbodkant-benadering; Evaluering van SA benaderings; Noord/Suid-verdeling

#### Ekonomiese groei en ontwikkeling:

#### Nywerheidsontwikkelingsbeleid

- ➔ SA Nywerheidsontwikkeling; Streeksontwikkeling
- ➔ SA se strewes; Toepaslikheid van SA strategieë

#### Ekonomiese en Maatskaplike prestasie-aanwysers

- ➔ Ekonomiese prestasie
- ➔ Ekonomiese aanwysers
- ➔ Sosiale aanwysers
- ➔ Internasionale vergelykings

## KONTEMPORÊRE EKONOMIESE KWESSIES

### (Vraestel 2)

#### Daaglikse ekonomiese kwessies

- ➔ Inflasie
- ➔ Toerisme
- ➔ Omgewingsvolhoubaarheid

#### Assessering

#### Skoolgebaseerd: (25%)

100 punte

- ➔ **Kwartaal 1:** Opdrag, Kontroletoeits
- ➔ **Kwartaal 2:** Navorsingsprojek
- ➔ **Kwartaal 3:** Gevallestudie (Media-onderzoek)

#### Eksterne eksamen: (75%)

- ➔ **Vraestel 1:** Makro-Ekonomie: 2 uur 150 punte
- ➔ **Vraestel 2:** Mikro-Ekonomie: 2 uur 150 punte

#### Samestelling van vraestel:

##### ➔ Afdeling A:

- Veelkeusevrae
- Bypassende kolomme
- Gee een term vir elke beskrywing

##### ➔ Afdeling B:

- Beantwoord enige **TWEE** vrae uit hierdie afdeling

##### ➔ Afdeling C: (Opsteltipe vrae)

- Beantwoord enige **EEN** van die twee vrae voorsien

#### Wenke vir Sukses:

- ➔ Gebruik vorige eksamenvraestelle en memorandums slegs om vas te stel of jy die inhoud wat jy geleer het, bemeester het en NIE as die enigste manier van leer nie
- ➔ Lees elke dag die finansiële en sake-afdelings van die koerant – jou kennis daarvoor word in die eksamenvraestel getoets.

**Alles van die beste! Mag jy suksesvol wees en jou laaste jaar van Ekonomie-studie interessant en betekenisvol vind.**



<https://drive.google.com/drive/folders/1Z7INFA9Ls3zbCx4xDtybVcWLZ2x354mq?usp=sharing>